2020/06/17

# HANDELINGE 6

Bybelstudie

# HANDELINGE 6 OPSOMMING




- **Gemeente kies 7 manne om vir armes te sorg;**
- **Die Joodse leiers vang vir Stefanus**

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

Bybelstudie




# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

- 1 Die gelowiges het in hierdie tyd meer en meer geword. Die mense in die gemeente wat Grieks praat, het begin kla oor die mense in die gemeente wat Hebreeus praat. Hulle het gesê dat die weduwees van die mense wat Grieks praat, nie genoeg kos kry wanneer die gelowiges elke dag vir die arm mense in die gemeente kos gee nie.

- 2 Toe het die twaalf apostels al die gelowiges bymekaar laat kom. Die apostels het vir hulle gesê: "Ons, die apostels, moenie die hele dag besig wees om kos te gee vir die arm mense nie. Want dan sal ons nie genoeg tyd hê om die boodskap van God vir mense te bring nie. Dit is nie reg nie.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

- 3 Vriende, julle moet sewe manne in die gemeente kies. Almal moet weet en sê dat hulle goeie manne is. Die Heilige Gees moet regeer oor hulle lewens en hulle moet baie wysheid hê. Ons moet vir hulle die werk gee om vir die arm mense te sorg.

- 4 En dan kan ons, die apostels, al ons tyd gebruik om vir mense te bid en om die boodskap van God te bring."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- **Deutronomium 27:19**

Die Leviete moet dan sê: 'Ons vervloek elkeen wat nie reg doen aan vreemdelinge, of aan weeskinders en weduwees nie.' En die hele volk moet sê: 'Ja, dit sal so wees!'

- **Psalm 68:6 & 7**

God is in sy gewyde woonplek. Hy is 'n Pa vir weeskinders en 'n Regter wat reg doen aan weduwees. God laat die mense wat alleen in die wêreld is, in 'n huis woon.



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- **Jesaja 54:4&5**
- Jy moenie bang wees nie, jy moenie dink jy beteken niks nie. Jy moenie skaam wees nie, want niemand sal jou weer verneder nie. Jy sal die tyd vergeet toe jy 'n jongmeisie was en toe jy 'n weduwee was, toe ander mense jou gespot het. Want die Een wat jou gemaak het, is jou Man, sy Naam is Here wat oor alles regeer. Jou Bevryder is die Heilige God van Israel, sy Naam is God van die hele aarde."



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- **Jakobus 1:27**

Die regte en die rein manier om vir God die Vader te dien, is dit: Jy moet sorg vir weeskinders en vir weduwees wat swaarkry. En 'n mens moenie dat hierdie sondige wêreld jou onrein laat word sodat jy slegte dinge doen nie.


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- **I Timoteus 5:3**

Daar is weduwees wat nie familie het wat vir hulle kan sorg nie. Jy moet hulle respekteer en vir hulle sorg.

- Sien ook Lukas Bybelstudie oor Weduwees onder die vroue opskrif te https://agshelderbergapp.net.za


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- Sien ook 100 Bible verses about caring for widows te https://www.openbible.info/topics/god_caring_for_widows


This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA-NC

# Omgee vir weduwees en behoeftiges

- **Spreuke 21:13**

As jy nie wil luister wanneer 'n arm mens vir jou vra om hom te help nie, dan sal die Here ook nie vir jou antwoord wanneer jy bid nie.

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

under CC BY

- 5 Die gelowiges het almal gedink dit is goed wat die apostels gesê het. Hulle het toe die volgende manne gekies: Stefanus, 'n man wat 'n sterk geloof gehad het, die Heilige Gees was in hom, Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas en Nikolaus. Nikolaus het voorheen in Antiogië gewoon. Hy was eers 'n heiden en hy het later die Jode se godsdiens aanvaar.

- 6 Die gelowiges het hierdie manne voor die apostels laat staan. Die apostels het vir hulle gebid en hulle het hulle hande op die manne gesit.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

under CC BY

AGS HELDERBERG AFM

- 7 Meer en meer mense het die boodskap van God gehoor, en die gelowiges in Jerusalem het baie meer geword. Baie priesters het ook gehoorsaam geword, hulle het gelowiges geword.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

- 8 God was genadig vir Stefanus en Hy het vir hom ook baie krag gegee, Stefanus het wonderwerke en groot tekens gedoen. Al die mense het geweet daarvan.
- 9 Daar was Jode wat aan een van die sinagoges behoort het. Hierdie Jode was eers slawe maar toe het die Romeine gesê hulle mag vry wees. Hulle het gekom van Sirenië, Aleksandrië, Silisië en Asië. Hulle het begin om baie met Stefanus te praat en te stry.

Vandag se Turkye

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

- 10 Maar hulle was nie so slim soos Stefanus nie. Stefanus het met wysheid gepraat, die Heilige Gees het vir hom gesê wat hy moet sê.

- 11 Toe het die Jode omkoopgeld betaal vir party manne, en hierdie manne het gesê: "Ons het gehoor dat Stefanus vir Moses en God beledig."

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

- 12 Die manne van die sinagoge het vir die mense van Jerusalem en die familieleiers en die skrifgeleerdes kwaad gemaak vir Stefanus. Die mense het na Stefanus toe gehardloop, hulle het hom gegryp en na die Joodse Raad gebring.

- 13 Die mense het vals getuies gekry wat sê: "Stefanus wil nie ophou om slegte dinge te sê teen hierdie gewyde woonplek en teen die Wette van Moses nie.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# Handelinge 6 Die gemeente kies sewe manne

- 14 Want ons het gehoor Stefanus sê dat hierdie Jesus van Nasaret hierdie tempel sal afbreek en dat hy die dinge sal verander wat Moses vir ons geleer het."

- 15 Almal in die Joodse Raad het reguit na Stefanus gekyk. Hulle het gesien dat sy gesig soos 'n engel se gesig lyk.

https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA

# HANDELINGE 6 OPSOMMING

Bybelstudie

- **Gemeente kies 7 manne om vir armes te sorg;**
- **Die Joodse leiers vang vir Stefanus**




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://www2.bible.com/af/bible/2/ACT.6.ABA
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.